Tema: Die eer van die Here dryf ons om die nood in ons gemeenskap te identifiseer en saam met medegelowiges te begin bou!

Hier is die volgorde van ons Woordbediening vandag:
Sing: Lied 163: 1
Gebed om seën
Sing: Lied 169: 1,2,3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Wet uit Eksodus 20
Sing na die wet: Sb 1 - 6: 1,3.
Gebed

Skriflesing: Nehemia 2: 11 - 20; Teksverse: 11en 12 en 17 - 18.
Woordverkondiging
Sing: Sb 14 - 3: 1

Gebed
Sing: Sb 1 - 2: 1,2,3 (Lied 202)
Gebed om seën
Liefdegawes vandag: TOPIA en ons Diakonie.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Wat ŉ ingrypende week het ons nie die afgelope week in ons land beleef nie! ŉ Mens kan die gebeure en die impak daarvan eintlik nie na behore beskryf nie! ŉ Foto van ŉ ma wat haar tweejarige kindtjie vanuit ŉ brandende gebou na ŉ skare mense onder gooi om haar te red, vertel - sonder woorde - die tragiese verhaal van ons land! ŉ Verhaal van ellende, magteloosheid, geweld en misdaad en van ŉ gemeenskap wat probeer sin maak uit wat gebeur! ŉ Gemeenskap wat weer moet opstaan uit die puin!

Nehemia se eerste woorde aan die inwoners van Jerusalem was: “Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit! Ek kan nie vanmore anders as om hierdie woorde te eggo nie: Brs en srs, julle sien self die benarde toestand waarin ons sit”!

Ja, ons kan ons skouers optrek en sê: gelukkig het ons nie hier in Potch sulke ellende beleef nie en dan maar net bly wees dat ons OK is. Ons kan ook die regering en die ANC blameer vir al die gebeure en voel dat hulle maar die gemors moet opruim! Die inwoners van Jerusalem sou ook met reg kon sê dit was die heidense Nebukadnesar en sy bose magte wat die mure van Jerusalem verwoes het – laat hulle dit maar weer kom opbou!

Maar geliefdes, die Here het ons mos nou al geleer dat sy koninkrykbouers nie so selfsugtig en simplisties na die nood van ons samelewing kan kyk en daarop kan reageer nie! Want hierdie land en sy probleme is my en jou probleme! Nehemia vereenselwig hom heeltemal met die inwoners van Jerusalem se nood! Wat nou in ons land gebeur, is my en jou moeilikheid! Dis die nood wat ons nie mag miskyk en dink dis iemand anders se probleem nie! Om weer Nehemia se woorde te herhaal: dis die benarde toestand waarin **ons** sit! Nie ander mense nie, ons!

Wanneer ons dan vandag, na ŉ week soos hierdie, so intens bewus is van die nood van ons gemeenskap en ons wil dit herstel om so die koninkryk van God te bou, dan leer die Here vir ons as sy koninkrykbouers vanmore dat ons 3 sake baie duidelik vir onsself moet uitmaak:

1. Hoekom wil ons bou?
2. Wat gaan ons doen?
3. Hoe gaan ons dit doen?

En daarom is die boodskap vandag: **Die eer van die Here dryf ons om die nood in ons gemeenskap te identifiseer en saam met medegelowiges te begin bou!**

Die eerste vraag? Hoekom wil ons iets aan die nood doen en begin bou! Wat is ons motiewe? Wil ons betrokke raak sodat ons eie belang bo alles beskerm kan word? Dat niemand darem kom om ons te plunder en ons dood te maak nie? Wil ons betrokke raak omdat ons mense jammer kry en hulle help? Wil ons betrokke raak om darem net te wys dat ons ook iets doen? Dat ons goeie landsburgers is en omdat ons darem

nog middele het, dat ons nou ander moet help? Wil ons betrokke raak soos die president hierdie week dit uitgedruk het “om die demokrasie” te beskerm en te bou?

Het u mooi opgelet dat ons teksgedeelte omraam word met twee verwysings na teenstand en weerstand oor wat Nehemia wil kom doen in Jerusalem. In hf 1: 10 word verwys na Sanballat en Tobia, teenstaanders van die volk, wat baie ongelukkig was omdat Nehemia iets goeds wou kom doen? En toe die besluit geneem is om te bou het daar nog ŉ teenstander Gesem bygekom. Wat was die motief vir hulle weerstand? Hulle vra: wil julle teen die koning in opstand kom?

Wil julle teen die bestaande wereldorde in opstand kom? Die bestaande wereldorde wat onder bevel van Satan staan! Hy is die heerser oor hierdie goddelose wereldorde! Reguit gesê: wil julle regtig die bose teenstaan?

Brs en srs, wat hierdie week in ons land gebeur het, staan onder aanvoering van die boosheid self! Van Satan en sy magte wat alles wat goed en reg is, wil afbreek! En dis teen hierdie magte van Satan wat Nehemia hom verset! Dis om hulle teen te gaan dat hy die mure van Jerusalem wil herbou! Daarom verwys hy in vers 17 na die “vernedering van Jerusalem” wat weggeneem moet word deur die mure te herstel! Jerusalem is God se stad – dis die stad waaroor sy Naam uitgeroep is – en daardie stad se mure is platgeslaan deur die boosheid!

Deur die mure te herstel wil Nehemia God se eer herstel! Geliefdes, die enigste rede hoekom ons as koninkryksbouers by die kritieke nood van ons samelewing betrokke moet raak, is om God se eer te herstel! Is om God se heerskappy van lig, reg en geregtigheid te laat seëvier! Dit mag nie gaan om ons eie belange nie! Dit mag nie gaan om humanistiese motiewe van goeie landsburgers nie! Dit mag nie gaan om politieke belange van demokrasie nie!

Dit gaan om God se eer! Dat God se regering soos Hy dit in sy Woord bekend maak, oral kan geld! God se wil wat wel die goeie inhou vir die mensdom! Wat wel vir almal wil sorg en almal se lewe in sy hand hou! Dis immers God wat vir Nehemia die plan in die hart gegee het! Hy herken dit in vers 12. Hy sien sy taak as n Godgewe taak om God se belange te behartig – om God se wil te laat deurbreek in ŉ donker en gebroke wêreld van bouvalle! Om die lig van die koninkryk te laat skyn sodat ons die bose kan teenstaan en hulle uiteindelik kan oorwin!

En daarom moet ons in die tweede plek presies seker maak wat wil ons doen? Wat is die werklike probleme en nood wat aangespreek moet word. Ons kan nie sommer maar net oppervlakkige probleme identifiseer en vinnig blitsplannetjies maak om die nood aan te spreek nie! Ons moet die nood deeglik analiseer!

Dis presies wat Nehemia gaan doen voordat hy die nood begin aanspreek. Hy en ŉ paar vertrouelinge gaan in die nag – sodat die reeds genoemde vyande – nie daarvan kan weet nie en hy gaan doen ŉ deeglike analise van die probleem. Hy gaan loop tussen die afgebreekte stukke mure en uitgebrande poorte en maak seker dat hy die nood verstaan sodat hy die regte planne daarvoor kan maak!

Ons kan nie bv nie hier in ons gemeenskap dieselfde wil doen as wat die gemeenskappe in Gauteng en Durban nou moet doen nie. Ons eie gemeenskap van Potchefstroom het sy eie unieke omstandige en nood en ons moet presies seker maak wat die nood is. Daar is ŉ hele wetenskap daaragter hoe ons die nood kan vasstel en hoe ons kan beplan daarvoor! Ons gaan nie nou in diepte daarop in nie! Mag die Here gee dat omstandighede so verander dat ons hierdie proses as gemeente in volle krag en getalle kan aanpak!

Maar brs en srs, ons gaan nie weet wat presies die nood is, as ons nie tussen die bouvalle gaan rondkrap en kyk wat aangaan nie. Ons kan nie vanuit ons gemaksone ŉ denkskrum hou en planne maak nie. Ons moet soos Nehemia ons hande en voete gaan vuil maak om werklik die hart van ons gemeenskap te leer ken en te sien watter nood druk die Here op ons harte! Om op die grondvlak te gaan kyk, gaan praat, gaan luister, mense te raadpleeg en uit te pluis presies wat moet ons doen! Die Here sal ons wys wat Hy wil hê ons moet doen! Soos vir Nehemia sal die Here vir ons ŉ plan in die hart gee!

En wanneer die Here vir ons wys wat die nood is en wat daaraan te doen is, dan moet ons in die derde plek vir mekaar vra: Wie gaan dit doen? Nehemia kom nie na die inwoners van Jerusalem om die werk vir hulle te kom doen nie! Hy kom neem leiding om die gemeenskap te mobiliseer om die werk te doen! Hy kom bemoedig en versterk hulle met God se plan en God se hulp om die werk te doen!

Niemand van ons kan alleen werk nie! Ons het ons medegelowiges nodig en daarom roep Nehemia die leiers van die volk bymekaar om hulle van God se planne te vertel! En omdat Nehemia God se eer as motief voorhou en God se hulp waarmee hulle die werk sal kan doen, beklemtoon, dan stem die mense in en hulle sê: Kom ons bou!

Kom <u>ons</u> bou! Christus het ons as een liggaam saamgevoeg sodat ons in sy krag kan optree! Christus sê in Johannes 20: “Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle na die wêreld toe! Die Vader het presies geweet wat ons in ons sondebenarde situasie nodig gehad het! Iemand wat vir ons sonde kon betaal en wat deur sy versoeningsdaad die mag uit Satan se hand kon neem! Nou regeer Christus en Hy stuur ons na ons samelewing met die belofte: Aan My is gegee al die mag in die hemel en op die aarde! En onthou: Ek is met julle!

Geliefdes, kom ons hou dan aan Christus vas en gehoorsaam sy opdrag as Hy ons stuur na die nood van ons samelewing! Verslae het ons dit hierdie week gesien gebeur – die nood het voor ons oë ontvou! Dit gaan om God se eer en daarom moet ons optree! Ons moet ons Koning se ryk bou! God sal sy plan in ons koppe gee om die nood vas te stel en die planne te maak! Kom ons mobiliseer die volle mag van die kerk – van elke lidmaat – en saam doen ons wat ons Koning ons beveel!

Hy is ons Koning, Hy rus ons toe en daarom kan ons soos Nehemia vir die vyand sê: Hy sal ons laat slaag in wat ons wil doen!

Amen